**_Arctotis venusta_**



E: Free State Daisy

A: Witgousblom

D: Swakopmargarite, Bärenohr

In jare met baie goeie reënval kan ons hierdie wit gousblomstruik in sentrale Namibië teen die padskouers pragtig sien blom, dikwels langs die blou *Lobelia erinus* Dit is eenjarig, word tot 70 cm hoog en blom vanaf somer tot diep in die wintermande in.

Voorkoms: suidelike Afrika

In Suid-Afrika is dit as lastige **onkruid** verklaar. Vir diere is dit blykbaar onsmaaklik en selfs ietwat **giftig**. As melkkoeie dit vreet, kry die melk ‘n bysmaak







Insekte soos bye, wespes en vlieë kom soek egter nektaar en stuifmeel, ‘n ander insek hou nogal van die kroonblare. Die plant vertoon baie mooi in die tuin, veral in tuine met baie klippe en inheemse geharde plante. Dit saai self uit en kan ‘n verpesting word.

Inligtingsbronne: Flowering Plants of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Probleemplante en Indringeronkruide van Suid-Afrika (Clive Bromilow)
Flowering plants of the Southern Kalahari (Noel & Gretel van Rooien)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Julie 2021